E. STANLEY JONES, *Overvloedig Leven*; H. J. Paris, Amsterdam.

Die subtitel van bogenoemde boek lui: „Bijbels Dagboek". Wie egter 'n Bybelse Dagboek soos ons dit gewoon is, verwag, ontdek al gou dat dit hier nie die geval is nie. Bo-aan die dagstukkies wat elk 'n bladsy beslaan, staan wel Skrifgedeeltes aangedui, met die klaarblyklike bedoeling dat die vooraf nageslaan en gelees sal word, maar die inhoud van die dagstukkies bied geen verklaring of toepassing daarvan nie, dis veeleer afsonderlike opstelle oor 'n bepaalde onderwerp. In sover is die subtitel misleidend. E. STANLEY JONES is 'n bekende en veelgelese skrywer. Hy het die wêreld deurreis en 'n merkwaardige skat van ondervindinge opgedoen, waaruit hy ook in hierdie publikasie ruimskoots put. Hy lê

tereg groot nadruk op die wisselwerking tussen gees en stof en konstateer dat disharmonie tussen siel en liggaam verderflik vir die persoonlikheid is, want dit ondermyn die werkkrag en versteur die geluk. Daarom wil hy in hierdie Dagboek 'n poging aanwend om die „hoe" van 'n „oorvloedige lewe" duidelik te maak („oorvloedige lewe" nie in metodistiese sin nie!). Hy het wel 'n oop oog vir die gekompliseerdheid van die lewe, maar of die oplossing wat hy aan die hand gee, inderdaad dié wie se „lewe in 'n knoop" sit, ten slotte heeltemal sal bevredig, betwyfel ek, want volgens my oordeel is die boek nie genoegsaam Skrifverankerd nie. Miskien moet ek dit só stel: as ek die boek lees, klink die stem van die skrywer so hard in my ore, dat ek die stem van God uit Sy Woord (wat die enigste vastigheid bied) nouliks hoor. My geslingerde hart en ontredderde lewe wil nie in die eerste plek hoor wat dié of daardie beduie nie, maar wat God vir my in die problematiek van my eie lewe te sê het. Die inhoud is vir my gevoel te sterk antropologies gekleur; wat ek mis, is die beklemtoning van die borgtogtelike versoeningswerk van Christus—die enigste bron van die enigste troos in lewe en in sterwe; dit kom my voor asof die nadruk op die eie strewe van die mens na 'n oorvloedige lewe, sowel fisies as geestelik, val, m.a.w. asof die „uitgemergelde" mens op die ou end na homself (en sy opgedroogde hulpbronne) terugverwys word. Hiermee wil ek nou nie beweer dat die boek sonder verdienste is nie; die lees daarvan sal die gees verryk. Dis vlot geskrywe en vir sover ek kan oordeel, is die vertaling uitmuntend. Die publikasie is deur die uitgewer keurig versorg, met 'n duidelike lettertipe op goeie papier.

D. F. ERASMUS, SNR.